(xi) In verband met paragraaf (viii) begryp en aanvaar die ontvanger van die beurs dat die *onus* om 'n betrekking in die voorwaarde bedoel, te verkry, uitsluitlik by hom berus en dat die Departement onder geen verpligting hoegenaamd is om die beskikbaarheid van sodanige betrekking te waarborg of om so 'n betrekking aan hom beskikbaar te stel of om aan hom enige hulp te verleen om sodanige betrekking te verkry nie, en is dit die verklaarde voorneme van die ontvanger van die beurs en die Departement dat die risiko van nalatigheid, versuim of onvermoë van die kant van die ontvanger van die beurs om sodanige betrekking te verkry en die gevolge daarvan, sonder enige voorbehoud hoegenaamd, hetsy uitdruklik of stilswyend, deur die ontvanger van die beurs aanvaar word.

(xii) 'n Huwelik word nie as 'n gegronde rede beskou vir versuim om die kursus waarvoor die beurs toegeken is, te voltooi of om 'n pos te aanvaar of in diens aan te bly vir die tydperk bedoel in paragraaf (viii) (b) nie.

T3.3 Die Sekretaris kan in enige bepaalde geval aan 'n ontvanger van 'n beurs wat 'n kwalifikasie verwerf waarvoor sodanige beurs toegeken is, om redes wat vir die Sekretaris aanneemlik is, wat nie in 'n pos in subregulasie 2 (viii) (a) bedoel ooreenkomstig daardie subregulasie aangestel kan word nie, voorwaardelike vrystelling verleen van die verpligting om onmiddellik diens in so 'n pos te aanvaar.

(c) Die volgende regulasie word na regulasie T3 ingevoeg:

Finansiële Hulp vir Kulturele en Ander Doeleindes

T4.1 Die Minister kan finansiële hulp verleen teen die bedrae wat die Minister na oorlegpleging met die Minister van Finansies bepaal, aan 'n Kleurling in artikel 24 (c) van die Wet bedoel vir opleiding deur die Minister goedgekeur.

T4.2 Sodanige finansiële hulp word op die volgende voorwaardes verleen:

(i) Aansoek daarom moet op 'n goedgekeurde vorm voor of op 'n datum deur die Sekretaris bepaal, by die Sekretaris of 'n beampte deur hom benoem, ingedien word.

(ii) Behalwe soos in paragraaf (vi) bepaal, is geen rente op die bedrag van die finansiële hulp betaalbaar nie.

(iii) Betaling van die finansiële hulp geskied op 'n wyse deur die Sekretaris bepaal.

(iv) Die ontvanger van die finansiële hulp verbind hom by ooreenkoms op die aansoekvorm om na voltooiing van die opleiding waarvoor die finansiële hulp verleen is—

(a) onmiddellik 'n skriftelike verslag oor sy opleiding en opsomming daarvan aan die Departement te verstrek;

agreement in terms of paragraph (viii): Provided further that notwithstanding the preceding provisions of this paragraph the Secretary—

(aa) may allow the bursary owing, as well as any interest that may be due, to be repaid in instalments and on such conditions as he may prescribe, if the financial circumstances of the recipient of the bursary as well as the surety, in his opinion, merit such concession; and

(bb) in cases where the recipient of a bursary submits proof that on completion of his course of study he was unable to obtain immediately a post referred to in (viii) (a), may grant him a period of grace not exceeding 12 months to obtain such post.

(xi) In regard to paragraph (viii), the recipient of the bursary understands and accepts that the *onus* of obtaining a post referred to in the condition therein referred to, shall rest entirely with him and that the Department is under no obligation whatsoever to guarantee the availability of such a post, or to make such post available to him, or to render to him any assistance in obtaining such post, it being the declared intention of the recipient of a bursary and the Department that the risk of failure, omission or inability on the part of the recipient of a bursary to obtain such post and the consequences thereof are, without any qualification whatsoever, whether expressed or implied, assumed by the recipient of a bursary.

(xii) Marriage shall not be regarded as a valid reason for failure to complete the course for which the bursary is granted or to accept a post or to remain in a post for the period referred to in paragraph (viii) (b).

T3.3 The Secretary may, in any specific case where a recipient of a bursary for reasons acceptable to the Secretary cannot, after obtaining the qualification for which the bursary was granted, be appointed to a post referred to in subregulation 2 (viii) (a), and in accordance with that subregulation, exempt such recipient conditionally from the obligation to accept such appointment immediately.

(c) The following regulation is inserted after regulation T3:

Financial Aid for Cultural and Other Purposes

T4.1 The Minister may grant financial aid in such amounts as the Minister may determine after consultation with the Minister of Finance, to a Coloured person referred to in section 24 (c) of the Act, for training approved by the Minister.

T4.2 Such financial aid shall be granted subject to the following conditions:

(i) Application therefor shall be submitted on an approved form, on or before a date determined by the Secretary, to the Secretary or a person nominated by him.

(ii) Except as provided in paragraph (vi), no interest shall be payable on the amount of the financial aid.

(iii) The financial aid shall be payable in such manner as may be determined by the Secretary.

(iv) By agreement on the application form, the recipient of the financial aid undertakes, on completion of the training for which the financial aid has been granted, to—

(a) render to the Department immediately a written report and a summary thereof, concerning his training;

(b) minstens een jaar lank voort te gaan met die rigting wat verband hou met die opleiding waarvoor die finansiële hulp verleen is en, indien hy in diens is van die Staat, om vir 'n tydperk deur die Sekretaris bepaal, aldus te bly dien;

(c) om, indien hy daarom versoek word, die Departement vir 'n tydperk wat die Sekretaris in die ooreenkoms bepaal in die besondere rigting waarvoor hy opleiding ontvang het, behulpsaam te wees; en

(d) na die Republiek terug te keer indien sodanige hulp ten opsigte van opleiding in die buiteland verleen is.

(v) Indien die ontvanger van die finansiële hulp nalaat om die doel van die finansiële hulp te verwesenlik, of sy vordering en gedrag na die mening van die Sekretaris nie bevredigend is nie of hy 'n ander rigting ingaan sonder die goedkeuring van die Departement, kan die Sekretaris die finansiële hulp intrek of verdere betaling daarvan vir 'n bepaalde of onbepaalde tydperk opskort: Met dien verstande dat die Sekretaris—

(a) na bevredigende verduideliking van die betrokke persoon, die ingetrekte finansiële hulp kan herstel; of

(b) die finansiële hulp waarvan betaling opgeskort is, kan intrek indien die Sekretaris oortuig is dat die ontvanger van sodanige hulp nie bereid is of nie in staat is om nuttige gebruik daarvan te maak of om dit vir die opleiding waarvoor dit toegeken is, te gebruik nie.

(vi) Indien die finansiële hulp kragtens paragraaf (v) ingetrek word en nie herstel word nie, of die ontvanger van sodanige hulp om watter rede ook al—

(a) nie die betrokke opleiding voltooi nie binne die tydperk wat te eniger tyd deur die Departement bepaal word; of

(b) die vereistes van die ooreenkoms genoem in paragraaf (iv) nie nakom nie;

dan is die volle bedrag van die finansiële hulp of die gedeelte daarvan wat deur die Sekretaris bepaal word, onmiddellik aan die Departement verskuldig en in een som terugbetaalbaar tesame met enkelvoudige rente teen 6 persent per jaar, bereken vanaf die begin van die maand waarin dit aan die ontvanger van die finansiële hulp uitbetaal is tot die end van die maand waarin dit terugbetaal word: Met dien verstande dat ondanks die voorafgaande bepalings van hierdie paragraaf die Sekretaris—

(aa) kan toelaat dat die verskuldigde bedrag en enige rente wat betaalbaar mag wees in paaiemente en op die voorwaardes wat hy voorskryf, terugbetaal word, indien die ontvanger van die finansiële hulp se finansiële posisie sodanige tegemoetkoming na sy mening regverdig; en

(bb) in gevalle waar die ontvanger van die finansiële hulp bewyse indien dat hy na voltooiing van die opleiding waarvoor die finansiële hulp verleen is, nie onmiddellik in die rigting wat verband hou met die opleiding waarvoor die finansiële hulp verleen is, kan voortgaan nie, vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande uitstel aan hom kan verleen.

T4.3 Die Sekretaris kan in enige bepaalde geval aan 'n ontvanger van die finansiële hulp wat die opleiding waarvoor die finansiële hulp verleen is, voltooi het, en nie aan die voorwaardes in subregulasie 2 (iv) genoem kan voldoen nie, voorwaardelike vrystelling daarvan verleen.

(b) pursue his study in the field connected with the training for which the financial aid has been granted, for at least one year, and, if he is in the service of the State, to continue with such service for a period determined by the Secretary;

(c) assist the Department if requested to do so, in the particular field in which he received training, for and over a period fixed by the Secretary in the agreement; and

(d) return to the Republic if such aid is granted in respect of training abroad.

(v) Should the recipient of the financial aid fail to achieve the purpose for which the financial aid is granted, or should his progress and behaviour be unsatisfactory in the opinion of the Secretary, or should he change his field of study without the approval of the Department, the Secretary may withdraw the financial aid or suspend further payment thereof for a definite or indefinite period: Provided that the Secretary may—

(a) on satisfactory explanation from the person concerned, restore the financial aid which has been withdrawn; or

(b) withdraw the financial aid, payment of which has been suspended, if he is satisfied that the recipient of such aid is not willing or able to make profitable use thereof or to use it for the training for which it was granted.

(vi) If the financial aid is withdrawn in terms of paragraph (v) and not restored, or the recipient of such aid for any reason whatsoever—

(a) fails to complete the training for which the financial aid was granted within such period as may be fixed by the Department at any time; or

(b) does not comply with the requirements of the agreement referred to in paragraph (iv),

the full amount of the financial aid or such portion thereof as the Secretary may determine, shall immediately become due and repayable to the Department in one sum together with simple interest at the rate of 6 per cent per annum calculated from the beginning of the month during which it was paid to the recipient of the financial aid until the end of the month during which it is repaid: Provided that notwithstanding the preceding provisions of this paragraph the Secretary—

(aa) may allow the amount owing as well as any interest that may be due to be repaid in instalments and on such conditions as he may prescribe, if the financial circumstances of the recipient of the financial aid in his opinion merit such a concession;

(bb) in cases where the recipient of the financial aid submits proof that on completion of the training for which the financial aid was granted, he cannot immediately pursue his studies in the field connected with the training for which the financial aid was granted, may grant him a period of grace not exceeding 12 months.

T4.3 The Secretary may in any specific case where a recipient of the financial aid cannot on completion of the training for which the financial aid was granted, comply with the conditions referred to in subregulation 2 (iv), exempt such recipient conditionally therefrom.

DEPARTEMENT VAN LANDBOU-TEGNIESE DIENSTE

No. 439 22 Maart 1974

VOORGESTELDE WYSIGING VAN DIE REGULASIES MET BETREKKING TOT DIE REGISTRASIE, INVOER, VERVAARDIGING, VERVOER EN VERKOOP VAN VEEVOEDSEL EN DIE REGISTRASIE VAN STERILISERINGSINSTALLASIES

Die Minister van Landbou maak hierby ooreenkomstig die bepalings van artikel 23 (4) van die Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels, 1947 (Wet 36 van 1947), bekend dat dit die voorneme is om die regulasies gepubliseer in Goewermentskennisgewing R. 987, gedateer 15 Junie 1973, soos gewysig deur Goewermentskennisgewing R. 1373 van 8 Augustus 1973, verder te wysig soos in die Bylae hieronder uiteengesit.

Elkeen wat beswaar wil maak teen of vertoë wil rig aangaande die voorgenome wysiging van die regulasies, word versoek om sodanige besware of vertoë binne vier weke na die datum van publikasie hiervan skriftelik by die Sekretaris van Landbou-tegniese Dienste, Privaatsak X116, Pretoria, 0001, in te dien.

BYLAE

Die regulasies gepubliseer in Goewermentskennisgewing R. 987, gedateer 15 Junie 1973, soos gewysig deur Goewermentskennisgewing R. 1373 van 8 Augustus 1973 word hierby verder gewysig:

Subregulasie (1) (h) van regulasie 5 word geskrap en vervang deur die volgende:

"(h) In die geval van 'n veevoedsel wat ureum en/of biuret bevat moet die persentasie ureum en/of biuret op die aansoekvorms en etikette aangedui word en moet die persentasie proteïen ekwivalent wat van die ureum en/of biuret afkomstig is, uitgedruk as 'n persentasie van die totale proteïen in die konsentraat en/of finale mengsel, tussen hakies onmiddellik na die totale proteïen, op die aansoekvorms en betrokke etikette aangedui word.

Nota.—Reg. (h). Die persentasie proteïen ekwivalent afkomstig van ureum word bereken deur die persentasie ureum met 2,87 te vermenigvuldig en in geval van biuret word die persentasie biuret met 2,30 vermenigvuldig.

(i) Ingeval van 'n veevoedsel waarvan 'n gedeelte van die proteïen van ureum afkomstig is moet die volgende waarskuwing, verkieslik in rooiletters, op die etiket aangebring word:

'Hierdie veevoedsel bevat ureum en gevolglik moet dit streng volgens die voorskrifte gemeng of gevoer word.' ".

Die Vyfde Aanhangsel moet geskrap word en deur die volgende vervang word:

VYFDE AANHANGSEL

SERTIFIKAAT VAN RESULTAAT VAN CHEMIESE ONTLEDING OF TOETS VAN MONSTER VEEVOEDSEL/BYVOEDSEL DEUR ONTLEDER

[Ingevolge subartikel 15 (3) van die Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels, 1947, soos gewysig]

Ek (volle naam).....

van.....

'n behoorlik aangestelde ontleder ingevolge artikel 14 van die Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels, 1947, soos gewysig, verklaar hierby onder eed—

(i) dat ek op..... 'n monster van*.....
..... van†.....
.....
vir ontleding en/of toets ontvang het;

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL TECHNICAL SERVICES

No. 439 22 March 1974

PROPOSED AMENDMENT TO THE REGULATIONS IN CONNECTION WITH THE REGISTRATION, IMPORTATION, MANUFACTURE, MOVEMENT AND SALE OF FARM FEEDS AND THE REGISTRATION OF STERILISING PLANTS

The Minister of Agriculture hereby notifies in terms of the provisions of section 23 (4) of the Fertilizers, Farm Feeds, Agricultural Remedies and Stock Remedies Act, 1947 (Act 36 of 1947), that it is the intention to propose further amendments to the regulations published in Government Notice R. 987, dated 15 June 1973, as amended by Government Notice R. 1373, dated 8 August 1973, as set out in the Annexure hereunder.

All persons desiring to submit any objection or representations concerning these regulations are invited to lodge such objections or representations, in writing, within four weeks of the publication hereof with the Secretary, Agricultural Technical Services, Private Bag X116, Pretoria, 0001.

ANNEXURE

The regulations published in Government Notice R. 987, dated 15 June 1973, as amended by Government Notice R. 1373, dated 8 August 1973, are further amended herewith:

Subregulation (1) (h) of regulation 5 is deleted and substituted by the following:

"(h) In the case of a farm feed containing urea and/or biuret the percentage urea and/or biuret must be indicated on the application forms and labels and the percentage protein equivalent derived from urea and/or biuret, expressed as a percentage of the total protein in the concentrate and/or final mixture, must be indicated in brackets immediately behind the total protein on the application forms and relevant labels.

Note.—Reg. (h). The percentage protein equivalent derived from urea is calculated by multiplying the percentage of urea by 2,87 and in the case of biuret the percentage biuret is multiplied by 2,30.

(i) In the case of a farm feed in respect of which a portion of the protein is derived from urea the following warning, preferably in red letters, must be printed on the relevant labels:

'This farm feed contains urea and must therefore be mixed or fed strictly according to the instructions.' ".

The Fifth Annexure must be deleted and substituted by the following:

FIFTH ANNEXURE

CERTIFICATE OF RESULT OF CHEMICAL ANALYSIS OR TEST OF SAMPLE OF FARM FEED/SUPPLEMENT BY ANALYST

[In terms of subsection 5 (3) of the Fertilizers, Farm Feeds, Agricultural Remedies and Stock Remedies Act, 1947, as amended]

I (full name).....

of.....

a duly appointed analyst in terms of section 14 of the Fertilizers, Farm Feeds, Agricultural Remedies and Stock Remedies Act, 1947, as amended, do hereby make oath and state—

(i) that on..... I received a sample*.....
..... from†.....
.....
for analysis and/or test;

(ii) dat die monster geëtiketteer, verseël en gemerk was‡.....
.....

(iii) dat ek die monster ontleed en/of getoets het en gevind het dat dit die volgende stowwe bevat (uitgedruk in persentasies, tensy anders vermeld):

Ru-proteïen.....	Koper (Cu).....
Ureum.....	Mangaan (Mn).....
Biuret.....	Kobalt (Co).....
Vet (eterekstrak).....	Yster (Fe).....
Vesel.....	Sink (Zn).....
Vog.....	Molibdeen (Mo).....
As.....	Jodium (I).....
Kalsium (Ca).....	Magnesium (Mg).....
Fosfor (P).....	Swael (S).....
Sout (NaCl).....	Sulfaat (SO_4).....
Silika (Si).....	Aluminium (Al).....
Vitamien A.....	Fluor (F).....
B Vitamines.....	Antibiotika.....
Vitamien D.....	Ander bestanddele.....
Vitamien E.....	

(iv) Opmerkings.....
.....
.....

.....
Handtekening van ontleder

Beëdig voor my te..... op hede die .....dag van.....19.....

Die deponent verklaar dat hy die inhoud van hierdie dokument verstaan.

.....
Kommissaris van ede

* Vul in name van artikel soos op etiket aangedui.
† Vul in naam van persoon wat monster(s) verskaf het en meld of dit "per hand", "per pos" of "per spoor" ontvang is.
‡ Vul in die onderskeidingsmerk(e) of nommer(s) van die monster(s).

(ii) that the sample was labelled, sealed and marked‡.....
.....

(iii) that I have analysed and/or tested the sample and found that it contains the following substances (expressed as percentages unless otherwise stated):

Raw protein.....	Copper (Cu).....
Urea.....	Manganese)Mn).....
Biuret.....	Cobalt (Co).....
Fat (ether extract).....	Iron (Fe).....
Fibre.....	Zinc (Zn).....
Moisture.....	Molybdenum (Mo).....
Ash.....	Iodine (I).....
Calcium (Ca).....	Magnesium (Mg).....
Phosphorous (P).....	Sulphur (S).....
Salt (NaCl).....	Sulphate (SO_4).....
Silica (Si).....	Aluminium (Al).....
Vitamin A.....	Fluor (F).....
B vitamins.....	Antibiotics.....
Vitamin D.....	Other constituents.....
Vitamin E.....	

(iv) Remarks.....
.....
.....

.....
Signature of analyst

Sworn to before me at..... this .....day of.....19.....

The deponent acknowledges that he understands the contents of this document.

.....
Commissioner of oaths

* Insert name of articles as stated on the label.
† Insert name of person supplying sample(s) and state whether received "by hand", "by post" or "by rail".
‡ Insert distinguishing mark(s) or number(s) of the sample(s).

No. 445 22 Maart 1974

SOORTE WAT TOT SAAD VIR DOELEINDES VAN DIE WET VERKLAAR WORD.—WET OP SAAD, 1961 (WET 28 VAN 1961)

Kragtens die bevoegdheid my verleen by die woordbepaling van "saad" in artikel 1 van die Wet op Saad, 1961 (Wet 28 van 1961), verklaar ek, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister van Landbou, die soort saad in die Bylae hiervan genoem tot saad vir die doeleindes van genoemde Wet.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister van Landbou.

BYLAE

Helianthus annuus L. (Sonneblom).

No. 445 22 March 1974

KINDS DECLARED TO BE SEED FOR THE PURPOSES OF THE ACT.—SEEDS ACT, 1961 (ACT 28 OF 1961)

Under the powers vested in me by the definition of "seed" in section 1 of the Seeds Act, 1961 (Act 28 of 1961), I, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister of Agriculture, hereby declare the kind of seed set out in the Schedule hereto to be seed for the purposes of the said Act.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister of Agriculture.

SCHEDULE

Helianthus annuus L. (Sunflower).

DEPARTEMENT VAN MYNWESE

No. 452 22 Maart 1974

GROND VIR DIE AFPENNING VAN KLEIMS OOP VERKLAAR

Die Minister van Mynwese het kragtens artikel 41 (1) van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet 20 van 1967), verklaar dat die grond wat voorheen gehou is as kleims waarvan besonderhede in die Bylae hiervan verskyn, vanaf 9 vm. op die 17de dag van April 1974 oop is vir die afpenning, ooreenkomstig die bepalings van Hoofstuk VI van genoemde Wet, van kleims vir edelmetale of onedele minerale, na gelang die grond vir edelmetale of vir onedele minerale geproklameer is.

DEPARTMENT OF MINES

No. 452 22 March 1974

LAND DECLARED OPEN FOR THE PEGGING OF CLAIMS

The Minister of Mines has, in terms of section 41 (1) of the Mining Rights Act, 1967 (Act 20 of 1967), declared that the land previously held as claims, details of which appear in the attached Schedule, shall be open as from 9 a.m. on the 17th day of April 1974 for the pegging, in terms of Chapter VI of the said Act, of precious metal claims or base mineral claims according to whether the land has been proclaimed for precious metals or for base minerals.

BYLAE—SCHEDULE

MYNDISTRIK BARBERTON—MINING DISTRICT OF BARBERTON
ONEDELE MINERALE-KLEIMS—BASE MINERAL CLAIMS

Lis.-no. Lic. No.	Onderskeidingsnommers van kleims Distinctive numbers of claims	Getal kleims Number of claims	Kaart-nommer Diagram No.	Naam van laaste geregistreerde houer Name of last registered holder	Plaas en distrik Farm and district
14135	Ongenommer/Unnumbered	15	—	H. O. Becker	Perseel 60, Seksie C, Kaap Blok/Lot 60, Section C, Kaap Block, Segalia 366 JU en/and Hillgard Muller 304 JU, Barberton.
15348	Ongenommer/Unnumbered	2	—	H. S. Horn	Dublin 302 JU, Barberton.
14551	Ongenommer/Unnumbered	10	—	L. Jordaan	Kaapsche Hoop 483 JT, Nelspruit.
14552	Ongenommer/Unnumbered	10	—	F. E. Vorster	Kaapsche Hoop 483 JT, Nelspruit.
15335	Ongenommer/Unnumbered	1	—	H. S. Horn	Dublin 302 JU, Barberton.

MYNDISTRIK PIETERSBURG—MINING DISTRICT OF PIETERSBURG
ONEDELE MINERALE-KLEIMS—BASE MINERAL CLAIMS

31508	Ongenommer/Unnumbered	25	—	J. C. van den Heever	Try 153 KT, Letaba.
35898	Ongenommer/Unnumbered	50	—	F. Findlay	Granville 767 LT, Letaba.
35899	Ongenommer/Unnumbered	25	—	D. Lewis	Granville 767 LT, Letaba.
35900	Ongenommer/Unnumbered	50	—	J. A. Wallisch	Granville 767 LT, Letaba.
36116	Ongenommer/Unnumbered	40	—	J. B. Lindeque	Haenertsburg Perseel/Lot 182, Pietersburg.
36268	Ongenommer/Unnumbered	20	—	P. Papadopoulos	Lamula 162 KT, Letaba.
36270	Ongenommer/Unnumbered	50	—	H. F. Prinsloo	Inyoku 159 KT, Letaba.
36502	Ongenommer/Unnumbered	50	—	G. F. Landsberg	Mpande 165 KT, Letaba.
36536/36537	Ongenommer/Unnumbered	80	—	J. M. du Plooy	Selati Ranch 143 KT, Letaba.

DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

No. 450 22 Maart 1974

VERKLARING VAN 'N NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Johannes Petrus van der Spuy, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die eiendom met die historiese woonhuis daarop te Kerkstraat 16, Tulbagh, tot nasionale gedenkwaardigheid.

Beskrywing

'n Sekere stuk grond met die historiese woonhuis daarop, geleë in die munisipaliteit en afdeling Tulbagh, wat 'n konsolidasie van Erf 156 en 'n deel van Erf 157, Tulbagh, is en nou bekend staan as Erf 671, Tulbagh.

Grootte: 709 vierkante meter.

Sertifikaat van Gekonsolideerde Titel 26591/1973, gedateer 17 September 1973.

Historiese en Argitektoniese Belang

Hierdie langwerpige grasdakhuis sonder 'n voorgewel, is geleë op grond wat in 1853 deur die plaaslike kerk aan die weduwee S. W. van der Merwe en haar seun verkoop is. Die huis dateer waarskynlik uit 'n vroeër tydperk.

J. P. VAN DER SPUY, Minister van Nasionale Opvoeding.

No. 451 22 Maart 1974

VERKLARING VAN 'N NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Johannes Petrus van der Spuy, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die graf van Axel Eriksson by Urupupa, naby Grootfontein in Suidwes-Afrika, tot nasionale gedenkwaardigheid.

Beskrywing

Die graf van Axel Eriksson, geleë op Gedeelte 1, genoem Urupupa, van die verenigde plaas Rietfontein 44, Registrasieafdeling B, in die distrik Grootfontein, en groot

DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

No. 450 22 March 1974

DECLARATION OF A NATIONAL MONUMENT

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Johannes Petrus van der Spuy, Minister of National Education, hereby declare the property with the historic dwelling-house thereon at 16 Church Street, Tulbagh, to be a national monument.

Description

A certain piece of land with the historic dwelling-house thereon, situate in the Municipality and Division of Tulbagh, being a consolidation of Erf 156 and a portion of Erf 157, Tulbagh, and now known as Erf 671, Tulbagh.

Extent: 709 square metres.

Certificate of Consolidated Title 26591/1973, dated 17 September 1973.

Historical and Architectural Interest

This oblong, thatched house without a front gable is situated on land which was sold by the local church to a widow, Mrs S. W. van der Merwe, and her son in 1853. The house probably dates from an earlier period.

J. P. VAN DER SPUY, Minister of National Education.

No. 451 22 March 1974

DECLARATION OF A NATIONAL MONUMENT

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Johannes Petrus van der Spuy, Minister of National Education, hereby declare the grave of Axel Eriksson at Urupupa, near Grootfontein in South-West Africa, to be a national monument.

Description

The grave of Axel Eriksson, situate on Portion 1, named Urupupa, of the consolidated farm Rietfontein 44, Registration Division B, in the District of Grootfontein,

vierduisend driehonderd vyf-en-sewentig (4 375) hektaar en vierduisend negehonderd twee-en-vyftig (4 952) vierkante meter.

Transportakte 796/1956, gedateer 25 Julie 1956.

Historiese Belang

Axel Eriksson, die bekende reisiger, jagter en pionier van Suidwes-Afrika gedurende die laaste helfte van die 19e eeu, is hier begrawe na sy dood op 5 Mei 1901. Eriksson is ook bekend vir sy hulp aan die Dorslandtrekkers. Hy het hom in die tagtigerjare op die plaas Urupupa, waarop sy graf geleë is, gevestig.

J. P. VAN DER SPUY, Minister van Nasionale Opvoeding.

No. 465 22 Maart 1974

AANSOEK OM REGISTRASIE OF WYSIGING VAN HERALDIESE VOORSTELLINGS, NAME, SPESIALE NAME OF UNIFORMS EN BESWARE DAARTEEN

[Artikels 7A en 7B van die Heraldiekwet, 1962 (Wet 18 van 1962), soos gewysig]

Ondergenoemde amptelike of munisipale owerhede, verenigings, inrigtings of persone het kragtens artikel 7 van die Heraldiekwet, 1962 (Wet 18 van 1962), aansoek gedoen om die registrasie of wysiging van hulle heraldiese voorstellings, name, spesiale name of uniforms. Enigeen wat teen die registrasie of wysiging van hierdie heraldiese voorstellings, name, spesiale name of uniforms beswaar wil aanteken op grond daarvan dat so 'n registrasie of wysiging inbreuk sal maak op regte wat hom wettiglik toekom, moet dit doen binne twee maande vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing op 'n vorm wat van die Staatsheraldikus, Privaatsak X236, Pretoria, 0001, verkrygbaar is.

Aansoeker.—Alfred William de Bowen. (H4/3/4/86.)

Wapen.—In blou, 'n skuinsbalk aan weerskante vergesel van twee skuinsstrepe, alles van silwer, belaai met drie voetangels van blou, tussen ses klimmende leeus van goud.

Helmteken.—'n Staande leeu van goud, getong en genael van rooi.

Wrong en dekklede.—Silwer en blou.

Skildhouers.—Twee swane van natuurlike kleur, elk gekeel met 'n hertogskroon en ketting, alles van goud.

Wapenspreuk.—FEAR NOUGHT.

No. 466 22 Maart 1974

AANSOEK OM REGISTRASIE OF WYSIGING VAN HERALDIESE VOORSTELLINGS, NAME, SPESIALE NAME OF UNIFORMS EN BESWARE DAARTEEN

[Artikels 7A en 7B van die Heraldiekwet, 1962 (Wet 18 van 1962), soos gewysig]

Ondergenoemde amptelike of munisipale owerhede, verenigings, inrigtings of persone het kragtens artikel 7 van die Heraldiekwet, 1962 (Wet 18 van 1962), aansoek gedoen om die registrasie of wysiging van hulle heraldiese voorstellings, name, spesiale name of uniforms. Enigeen wat teen die registrasie of wysiging van hierdie heraldiese voorstellings, name, spesiale name of uniforms beswaar wil aanteken op grond daarvan dat so 'n registrasie of wysiging inbreuk sal maak op regte wat hom wettiglik toekom, moet dit doen binne twee maande vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing op 'n vorm wat van die Staatsheraldikus, Privaatsak X236, Pretoria, 0001, verkrygbaar is.

Aansoeker.—Die Suid-Afrikaanse Vereniging van Fisici in Geneeskunde en Biologie. (H4/3/1/2367.)

Naam.—Die Suid-Afrikaanse Vereniging van Fisici in Geneeskunde en Biologie.

Aansoeker.—The Institute of Estate Agents of South Africa. (H4/3/1/342.)

Naam.—The Institute of Estate Agents of South Africa.

and measuring four thousand three hundred and seventy-five (4 375) hectares and four thousand nine hundred and fifty-two (4 952) square metres.

Deed of Transfer 796/1956, dated 25 July 1956.

Historical Interest

Axel Eriksson, well-known traveller, hunter and pioneer of South-West Africa during the second half of the 19th century, was buried here after his death on 5 May 1901. Eriksson is also known for his assistance to the "Dorslandtrekkers". He settled himself in the eighties on the farm Urupupa, on which his grave is situated.

J. P. VAN DER SPUY, Minister of National Education.

No. 465 22 March 1974

APPLICATION FOR REGISTRATION OR AMENDMENT OF HERALDIC REPRESENTATIONS, NAMES, SPECIAL NAMES OR UNIFORMS AND OBJECTIONS THERETO

[Sections 7A and 7B of the Heraldry Act, 1962 (Act 18 of 1962), as amended]

The undermentioned official or municipal authorities, associations, institutions or persons have applied in terms of section 7 of the Heraldry Act, 1962 (Act 18 of 1962), for the registration or amendment of their heraldic representations, names, special names or uniforms. Anyone wishing to object to the registration or amendment of these heraldic representations, names, special names or uniforms on the ground that such a registration or amendment will encroach upon rights to which he is legally entitled, should do so within two months of the date of publication of this notice on a form obtainable from the State Herald, Private Bag X236, Pretoria, 0001.

Applicant.—Alfred William de Bowen. (H4/3/4/86.)

Arms.—Azure, on a bend cotised Argent between six lions rampant Or, three caltraps Azure.

Crest.—A lion statant Or, armed and langued Gules.

Wreath and mantling.—Argent and Azure.

Supporters.—Two swans proper, each ducally gorged and chained Or.

Motto.—FEAR NOUGHT.

No. 466 22 March 1974

APPLICATION FOR REGISTRATION OR AMENDMENT OF HERALDIC REPRESENTATIONS, NAMES, SPECIAL NAMES OR UNIFORMS AND OBJECTIONS THERETO

[Sections 7A and 7B of the Heraldry Act, 1962 (Act 18 of 1962), as amended]

The undermentioned official or municipal authorities, associations, institutions or persons have applied in terms of section 7 of the Heraldry Act, 1962 (Act 18 of 1962), for the registration or amendment of their heraldic representations, names, special names or uniforms. Anyone wishing to object to the registration or amendment of these heraldic representations, names, special names or uniforms on the ground that such a registration or amendment will encroach upon rights to which he is legally entitled, should do so within two months of the date of publication of this notice upon a form obtainable from the State Herald, Private Bag X236, Pretoria, 0001.

Applicant.—The South African Association of Physicists in Medicine and Biology. (H4/3/1/2367.)

Name.—The South African Association of Physicists in Medicine and Biology.

Applicant.—The Institute of Estate Agents of South Africa. (H4/3/1/342.)

Name.—The Institute of Estate Agents of South Africa.

DEPARTEMENT VAN NYWERHEIDSWESE

No. 474. 22 Maart 1974

WET OP STANDAARDE, 1962

VERPLIGTE STANDAARDSPESIFIKASIE VIR GEROOKTE SNOEK

Op aanbeveling van die Raad van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde en kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 15 van die Wet op Standaarde, 1962 (Wet 33 van 1962), verklaar ek, Jan Christiaan Heunis, Adjunk-minister van Ekonomiese Sake, hierby die standaardspesifikasie in die Bylae vervat tot verpligte standaardspesifikasie vir gerookte snoek, met ingang van die datum twee maande na publikasie van hierdie kennisgewing.

J. C. HEUNIS, Adjunk-minister van Ekonomiese Sake.

BYLAE

VERPLIGTE STANDAARDSPESIFIKASIE VIR GEROOKTE SNOEK
(Metrieke Eenhede)

1. BESTEK.

1.1 Hierdie spesifikasie dek die vervaardiging, produksie, verwerking of behandeling van die gekookte produk, gerookte snoek (*Thyrsites atun*).

2. WOORDBEPALING.

2.1 Die volgende woordbepalings geld vir die doel van hierdie spesifikasie:

Aanneemlik.—Aanneemlik vir die owerheid wat hierdie spesifikasie toepas.

Fabriek.—Enige perseel waar die produk voorberei of verwerk word of albei. Vir sover die vereistes van hierdie spesifikasie toepaslik is, dek hierdie woordbepaling ook fabriekskepe en vissersbote wat die produk vir rokingsdoeleindes hanteer.

Gerookte snoek.—Die voedsel vir menslike verbruik wat verkry word deur die voorbereiding en warmroking van snoek.

Halofiele.—Bakterieë en skimmel wat in die aanwesigheid van hoë konsentrasie gewone sout ontwikkel en vermenigvuldig met die gepaardgaande bederf van die gesoute produk. Hierdie omskrywing sluit mikroörganismes in wat verkleuring en die ontstaan van rooi, pienk en vaalbruin pigmente veroorsaak.

Inspekteur.—'n Inspekteur wat kragtens artikel 18 van die Wet op Standaarde aangestel is.

Produk.—Snoek wat gerook gaan word of wat vir rook voorberei word of wat gerook word of wat gerook is, soos blyk uit die sinsverband.

3. ALGEMENE VEREISTES VIR DIE FABRIEK EN WERKNEMERS.

3.1 ALGEMENE VEREISTES VIR DIE FABRIEK. —Daar moet aan die vereistes van die Wet op Fabrieke,

DEPARTMENT OF INDUSTRIES

No. 474 22 March 1974

STANDARDS ACT, 1962

COMPULSORY STANDARD SPECIFICATION FOR SMOKED SNOEK

On the recommendation of the Council of the South African Bureau of Standards and under the powers vested in me by section 15 of the Standards Act, 1962 (Act 33 of 1962), I, Jan Christiaan Heunis, Deputy Minister of Economic Affairs, hereby declare the standard specification contained in the Schedule to be a compulsory standard specification for smoked snoek, with effect from the date two months after the publication of this notice.

J. C. HEUNIS, Deputy Minister of Economic Affairs.

SCHEDULE

COMPULSORY STANDARD SPECIFICATION FOR SMOKED SNOEK
(Metric Units)

1. SCOPE.

1.1 This specification covers the manufacture, production, processing, or treatment of the cooked product, smoked snoek (*Thyrsites atun*).

2. DEFINITIONS.

2.1 For the purposes of this specification the following definitions shall apply:

Acceptable.—Acceptable to the authority administering this specification.

Factory.—Any premises in which the product is prepared or processed or both. To the extent to which the requirements of this specification can be applied, this definition includes factory ships and fishing vessels handling snoek for the purposes of smoking.

Halophiles.—Bacteria and moulds capable of development and proliferation in the presence of high concentrations of common salt wit accopanying spoilage of the salted product. The definition includes the discoloring micro-organisms commonly known as "red bacteria", "pinking bacteria" and "dun".

Inspector.—An inspector appointed in terms of section 18 of the Standards Act.

Product.—Snoek intended for smoking or in the course of preparation for smoking or in the course of being smoked or after having been smoked, as indicated by the context.

Smoked snoek.—The article of food for human consumption obtained by the preparation and hot smoking of snoek.

3. GENERAL REQUIREMENTS FOR THE FACTORY AND FOR EMPLOYEES.

3.1 GENERAL REQUIREMENTS FOR THE FACTORY.—The requirements of the Factories, Machinery

Masjinerie en Bouwerk voldoen word. Daarbenewens moet die fabriek, gereedskap, bevriesings- en koelkamergeriewe en water wat by die voorbereiding van die produk gebruik word, aan die volgende vereistes voldoen:

3.1.1 *Konstruksie van en toestande in die fabriek.*

3.1.1.1 Die dak moet weerbestand wees en indien daar 'n plafon is, moet dit glad en stofdig wees.

3.1.1.2 Die vloer moet van waterdigte materiaal gemaak wees. Die oppervlakafwerking daarvan moet behoorlik skoongemaak kan word. Dit moet 'n behoorlike val hê en moet in buite-afvoerslootjies dreineer wat met rioolpype of afvoerkanale verbind is. Die vloer moet gedurende produksietye skoongehou word deur dit gereeld te vee en met water af te spoel, en daar moet gesorg word dat vullis nie in afvoerkanale ophoop nie. Die vloere en afvoerkanale moet na afloop van produksiewerksaamhede deeglik skoongemaak word. Indien nodig, moet plankmatte vir werkers voorsien word.

3.1.1.3 Die binnevlakke van die mure van verwerkingskamers moet waterdig wees en moet tot 'n hoogte van minstens 1,8 m bokant die vloervlak 'n gladde, ligkleurige, wasbare afwerking hê. Die mure moet, indien nodig, onmiddellik na elke dag se werksaamhede deeglik gewas word.

3.1.1.4 Rommel, afval en oorloop moet dadelik en doeltreffend op 'n higiëniese wyse, indien moontlik met meganiese middele, weggeruim word.

3.1.1.5 Die algemene verligting moet van so 'n aard wees dat dit doeltreffende voorbereiding, verwerking en skoonmaak toelaat.

3.1.1.6 Die ventilasie moet oortollige stoom verwyder en moet die vorming van kondensaat verhoed wat in die grondstowwe of die produk of op uitrusting wat daarmee in aanraking kom, kan val. Indien nodig, moet die natuurlike ventilasie op meganiese wyse aangevul word.

3.1.1.7 Doeltreffende maatreëls moet getref word om skimmelgroei te verhinder en om stof, afskilferende verf en ander los materiaal wat van mure, plafonne en bostrukture in verwerkings- en bewaarkamers op die produk kan val, te verwyder.

3.1.1.8 Doeltreffende maatreëls moet getref word om vlieë en ander insekte uit die fabriek te hou.

3.1.1.9 Die fabriek waarin die produk voorberei of verwerk word, moet knaagdierdig wees en moet vry van knaagdiere gehou word.

3.1.1.10 Insek- en knaagdierdoders en chemiese skoonmaakmiddels mag nie gebruik word terwyl voorbereidings- of vervaardigingswerksaamhede aan die gang is nie. Werkvlakke moet vry van insek- en knaagdierdodende residu's gehou word. Insek- en knaagdierdoders en skoonmaakmiddels mag nooit met toedraaipapier, houers, grondstowwe of die produk in aanraking kom nie.

3.1.1.11 Enige afvoerstelsel by die kaai en enige vervoerstelsel na die fabriek, met inbegrip van hysbakke, moet voor en na gebruik skoongemaak word en staande water en ou materiaal moet daaruit verwyder word. Bewaartenks moet op dieselfde wyse behandel word.

3.1.1.12 Geen fabriekskoorsteen, berokingskamer of motoruitlaatpyp mag rook of dampe afgee in hoeveelhede of op 'n wyse wat aanstootlik, of skadelik of gevaarlik vir die gesondheid is of wat in enige stadium van die voorbereiding van die produk besoedeling veroorsaak nie.

3.1.1.13 Verwerkingsinstallasies vir die vervaardiging van neweprodukte wat 'n nadelige uitwerking op die produk kan hê, moet doeltreffend van die fabriek geskei wees. Afval moet op higiëniese wyse van die verwerkingsgebied verwyder word, en houers met afval wat uit die fabrieksterrein geneem moet word, moet goed van die verwerkingsgebied geskei wees.

and Building Work Act shall be complied with. In addition the factory, equipment, freezing and cold storage facilities, and water used in the preparation of the product shall comply with the following requirements:

3.1.1 *Construction of and conditions in the factory.*

3.1.1.1 The roof shall be weatherproof and the ceiling, if present, smooth and dustproof.

3.1.1.2 The floor shall be constructed of material impervious to water. It shall have a surface finish which will permit proper cleaning. It shall be adequately graded and drained to external gullies connected to sewers or drains.

During production periods the floor shall be kept clean by regular sweeping and flushing with water and refuse shall not be permitted to accumulate in drainage channels. At the close of operations, thorough cleaning of floors and drainage channels shall take place. Where necessary, duckboards shall be provided for workers.

3.1.1.3 The inside surfaces of the walls of processing rooms shall be impervious to water and shall have a smooth light-coloured washable finish to a height of at least 1,8 m above floor level. They shall, where necessary, be thoroughly washed immediately after each day's operation.

3.1.1.4 Litter, waste and overflow shall be disposed of promptly and efficiently in a sanitary manner, where possible by mechanical means.

3.1.1.5 General illumination shall permit effective preparation, processing and cleaning.

3.1.1.6 The ventilation shall effect the removal of excess steam and shall prevent the formation of condensate which may fall into raw materials or the product or on equipment coming into contact with them. Natural ventilation shall be augmented, if necessary, by mechanical means.

3.1.1.7 Effective measures shall be taken to inhibit mould growth and to remove dust, flaking paint, and other loose or detachable material liable to fall on the product from walls, ceilings and overhead structures in processing and storage rooms.

3.1.1.8 Effective measures shall be taken to keep the factory free from flies and other insects.

3.1.1.9 The factory in which the product is prepared or processed shall be rodentproofed and shall be kept free from rodents.

3.1.1.10 Insecticides, rodenticides and cleaning chemicals shall not be used while preparation or manufacturing operations are in progress. Working surfaces shall be kept free from insecticidal and rodenticidal residues. Insecticides, rodenticides and cleaning chemicals shall at no time come into contact with wrappers, containers, raw materials or the product.

3.1.1.11 Any discharge system at the jetty and any conveyance system to the factory, including elevators, shall be cleared of stagnant water and stale material and shall be cleaned before and after use. Holding tanks shall be similarly treated.

3.1.1.12 No factory chimney, smoke-room or motor exhaust shall emit smoke or fumes in a quantity or in a manner that is offensive or injurious or dangerous to health or causes contamination at any stage in the preparation of the product.

3.1.1.13 Processing plants for the manufacture of by-products which may deleteriously affect the product shall be effectively separated from the factory. Offal shall be removed from the processing area in a hygienic manner, and containers for offal awaiting removal from the factory area shall be well separated from processing areas.

3.1.1.14 Voldoende wasbakke of -trôe met aanneemlike seep of detergent, 'n aanneemlike ontsmettingsmiddel en voldoende skoon warm en koue lopende water of skoon warm water vir handewas, moet op gerieflike plekke in al die voorbereidings- of verwerkingsafdelings van die fabriek waar daar met die hand aan die onbeskermde produk geraak word, verskaf word. Indien die hande na die was afgedroog moet word, moet weggooihanddoeke of ander aanneemlike middele om die hande af te droog, verskaf word.

3.1.1.15 Die fabriek moet te alle tye in 'n higiëniese toestand gehou word. Diere mag in geen deel van die fabriek as sulks toegelaat word nie.

3.1.1.16 Met betrekking tot die hantering, vervoer, voorbereiding, rook, verpakking, vries (indien toepaslik) en bewaring van die produk, mag geen handeling plaasvind of toestand heers wat nadelig vir die produk is nie.

3.1.2 *Uitrusting.*

3.1.2.1 Alle installasies, uitrusting en gereedskap wat met die produk in aanraking kom, moet van materiaal met 'n gladde oppervlak en wat bestand is teen korrosie deur pekel gemaak wees, moet 'n higiëniese ontwerp hê en moet sodanig gemaak wees dat dit maklik is om die uitrusting, sowel as die plekke waarop dit staan, skoon te maak en te steriliseer. Lood en loodlegerings, uitgesonderd soldeersel, mag nie vir die konstruksie van uitrusting wat in enige stadium tydens die vervaardigingsproses met grondstowwe of die onbeskermde produk in aanraking kom, gebruik word nie. Houttafels mag nie in die verwerkingsafdeling gebruik word nie. Die blaaie van voorbereidings- en verpakkingstafels moet gemaak word van gladde korrosiebestande materiaal wat waterdig is, en moet 'n higiëniese afwerking hê. Maklike verwyderbare snyplanke, met 'n higiëniese konstruksie en van ligkleurige materiaal (uitgesonderd hout), wat geskik is vir gebruik met voedsel, kan gebruik word. Die blaaie en tafels moet vinnige en doeltreffende dreinering in die hand werk en moet glad en vry van barste en splete wees. Rottangmandjies in 'n goeie, skoon toestand kan by die aflaai van die vissersboot gebruik word.

3.1.2.2 Alle installasies, uitrusting en gereedskap moet skoon en in 'n goeie toestand gehou word. Skoonmaak- en ontsmettingsmiddels, warm en koue lopende water of versadigde stoom, waterslange, borsels en ander benodigdhede vir die skoonmaak van installasies, uitrusting en gereedskap moet beskikbaar wees. Installasies, uitrusting en gereedskap moet, nadat dit met 'n detergent of ander skoonmaakmiddel deeglik skoongemaak is, ontsmet word met 'n oplossing met 'n gehalte aan vry residuele chloor van minstens 20 d.p.m. of met 'n ander aanneemlike ontsmettingsoplossing. Die vrye residuele chloorkonsentrasie van chlooroplossings moet volgens die 5-sekonde-ortotolidienflitstoets of ander aanneemlike metode wat soortgelyke resultate lewer, bepaal word. Die uitrusting moet onmiddellik voor die aanvang van werksaamhede met water wat aan die vereistes van 3.1.4.1 of 3.1.4.2 voldoen, afgespoel word om die ontsmettingsmiddel te verwyder. Die hele verwerkingstelsel moet aan die einde van elke dag se werksaamhede skoongemaak word en dit moet onmiddellik voor verdere gebruik skoon wees. Handskoene en messe moet na gebruik of enige ander tyd wanneer sterilisering van uitrusting nodig is, deeglik skoongemaak en daarna met nat stoom, chloorwater of ander aanneemlike ontsmettingsoplossing of volgens 'n aanneemlike ontsmettingsproses ontsmet word. Vir hierdie doel moet steriliseringsgeriewe op gerieflike plekke beskikbaar wees.

3.1.2.3 Wanneer die houers vol of gedeeltelik vol grondstowwe of die produk is, mag dit nie op so 'n manier gestapel word dat die inhoud van een houer aan die onderkant van die houer hom raak nie. Houers mag nie regstreeks op die vloer gepak word nie.

3.1.1.14 An adequate number of wash basins or troughs with an acceptable soap or detergent, an acceptable disinfectant and an adequate supply of clean hot and cold running water or clean warm water for handwashing shall be provided at convenient points throughout the preparation or processing areas of the factory where the unprotected product is handled. Where hands are required to be dried after washing, disposable towels or other acceptable means of drying the hands shall be used.

3.1.1.15 The factory shall at all times be maintained in a hygienic state. Animals shall not be allowed in any part of the factory proper.

3.1.1.16 In relation to its handling, transportation, preparation, smoking, packing, freezing (where relevant) and storage, no operations shall be performed and no conditions shall be present that are detrimental to the product.

3.1.2 *Equipment.*

3.1.2.1 All plant, equipment and utensils coming into contact with the product shall be made of smooth-surfaced material resistant to corrosion by brine, shall be of hygienic design, and shall be so constructed as to facilitate their cleaning and sterilization and that of the areas beneath them. Lead and lead alloys other than solder shall not be used in the construction of equipment coming into contact with raw materials or the unprotected product at any stage in its manufacture. Wooden tables shall not be used in processing areas. The tops of preparation and packing tables shall be made of smooth corrosion-resistant material impervious to water, and shall have a hygienic finish. Easily removable cutting boards of hygienic construction made of acceptable light-coloured material other than wood and suitable for use with food, may be used. The tops of tables shall allow rapid and effective drainage and shall be smooth and free from cracks and crevices. Wicker baskets in good clean condition may be used in unloading the fishing vessel.

